

Die “Woord” van God!
Leef elke dag saam met Jesus!

Joh 14:21 Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.



Hoe kan ek oorwin?

Jy gaan eers moet glo dat Jesus die Christus is!




- Joh 1:12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;
- Joh 1:13 wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is.
- Joh 1:14 En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van **genade en waarheid**.
- Joh 3:3 Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.
- Joh 3:5 Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.
- Eph 1:19 en wat die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte
- Mat 3:13 Toe het Jesus van Galiléa na die Jordaan, na Johannes gekom om deur hom gedoop te word.
- Mat 3:14 Maar Johannes het Hom ernstig teëgegaan en gesê: Ek het nodig om deur U gedoop te word, en kom U na my toe?
- Mat 3:15 Maar Jesus het geantwoord en vir hom gesê: **Laat dit nou toe, want só pas dit ons om alle geregtigheid te vervul**. Daarna het hy Hom toegelaat.
- Mat 3:16 En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom.
- Mat 3:17 En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehag het.
- Jy gaan eers moet glo dat Jesus die Christus is en Hom aanneem.
- Elke kind van God moet eers besef dat hy/sy vervul moet word met die Heilige Gees.

Brood is nie alles nie!

Jy gaan moet besluit wat regtig belangrik vir jou lewe is.



- Mat 4:1 Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel.
- Mat 4:2 En nadat Hy veertig dae en veertig nagte gevas het, het Hy naderhand honger geword.
- Mat 4:3 En die versoeker het na Hom gekom en gesê: As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word.
- Mat 4:4 Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.
- Joh 4:34 Jesus sê vir hulle: My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te volbring.
- Jesus vat 5 brode en 2 visse en gee 5000 mans kos
- Jesus vat 7 brode en n paar visse en gee 4000 mans kos.
- Nadat Jesus gevul was met die Heilige Gees was Hy deur die Heilige Gees die woestyn in gelei om versoek te word deur die duiwel.
- In die woestyn het Jesus gekies om 40 dae niks te eet nie, en Hy het baie honger geword.
- Mat 4:3 En die versoeker het na Hom gekom en gesê: As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word.
- Mat 4:4 Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan. (Besluit of God se Woord vir jou belangrik is)



Dwaasheid is nie geloof nie!

Moenie God op die proef stel nie!



- Mat 4:5 Toe neem die duiwel Hom saam na die heilige stad en laat Hom op die dak van die tempel staan
- Mat 4:6 en sê vir Hom: As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen 'n klip stamp nie.
- Mat 4:7 Jesus sê vir hom: Daar is óók geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie.
- Psa 119:11 Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie.
- Gen 3:1 Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die HERE God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?
- Gen 3:4 Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie;
- Gen 3:5 maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken.
- Jesus het die Woord van God gebruik om die waarheid te spreek.
- Die duiwel gee nie op nie?
- Psa 91:11 want Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë.
- Psa 91:12 Hulle sal jou op die hande dra, sodat jy jou voet teen geen klip stamp nie.
- Die duiwel ken die Woord en gebruik die Woord om ons in lokvalle te lei.
- Die duiwel sal altyd die Woord verdraai.
- Die duiwel gebruik die vers wat eintlik oor God se beskerming gaan, maar se vir Jesus iets wat dwaas is (Om van die tempel se dak af te spring)
- Moenie dwase besluit neem en van God verwag om jou te beskerm nie.
- Toe Jesus 12 jaar oud was het Hy na die tempel gegaan en met die skrifgeleerdes gepraat oor God se Woord
- Lees die Bybel en memoriseer verse om die duiwel teen te staan.

Aanbid slegs vir God!

Daar is een pad volg dit!



- Mat 4:8 Weer neem die duiwel Hom saam na 'n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlijkheid,
- Mat 4:9 en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid.
- Mat 4:10 Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.
- Mat 4:11 Daarna het die duiwel Hom laat staan, en daar het engele gekom en Hom gedien.



- Deu 6:13 Jy moet die HERE jou God vrees en Hom dien; en by sy Naam moet jy sweer.
- Jesus het gewet hoekom Hy aarde toe gekom het – om aan die kruis te sterf en die duiwel te oorwin en sy mag oor die mens te vernietig.
- Jesus het die duiwel weerstaan deur die belangrikste gebod te gebruik; om slegs God te aanbid en te dien.
- Deu 6:5 Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag.
- Jam 1:13 Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie.
- Heb 4:15 Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde.

Wanneer jy versoek word!

Weet daar is een waarheid die Woord, glo dit!



- Weet! Daar sal nooit groter versoekinge op jou pad kom as wat jy kan hanteer nie!
- 1Co 10:13 Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra.
- Ons word almal versoek
- Versoeking self is nie n sonde nie.
- Wanneer ons toegee aan die versoeking dan sondig ons.
- Vermy versoeking. Hoe?
- Weg te bly van plekke waar jy in versoeking gaan kom.
- Nie in geselskap te wees van mense wat jy weet gaan jou in versoeking lei nie. (Gewoonlik wereldse geselskape en negatiewe mense)
- Wanneer jy versoek word
- Jam 4:7 Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.
- Gebruik die Woord om die die duiwel se leuens teen te staan.
- Bid:
- Mat 6:13 en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.
- Mat 26:41 Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.
- Jam 1:13 Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie.

Hoe kan ek oorwin?

- Jy gaan eers moet glo dat Jesus die Christus is!
- Brood is nie alles nie!
Jy gaan moet besluit wat regtig belangrik vir jou lewe is.
- Dwaasheid is nie geloof nie!
Moenie God op die proef stel nie!
- Aanbid slegs vir God!
Daar is een pad volg dit!
- Wanneer jy versoek word!
Weet daar is een waarheid die Woord, glo dit!

